

Sing vooraf: Psalm 84:4 (p. 425)

- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 34:2 (p. 166)

- 2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 27:4 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Skriflesing: Matteus 6

Teks: Matteus 6:1-18; Kategismus Sondag 46

Die Here Jesus het dit teen die Fariseërs.

- Hy het dit teen hulle skynheiligheid, of geveinsdheid, soos dit hier staan.
- Hulle is vals.

Daarom sê die Here:

- Moenie liefdadigheid bewys soos die geveinsdes nie.
- Moenie bid soos die geveinsdes nie.
- Moenie vas soos die geveinsdes nie.

Die Here maak in hierdie gedeelte 'n baie ongewone kombinasie. Hy gebruik skynheiligheid en gebed saam in een sin, bedoelende daarmee dat een mens al twee doen.

Het u al daaraan gedink, dat so-iets moontlik is?

- Dat mens in sy gebed vir God 'n prentjie wil voorhou wat nie waar is nie!
- Al klink dit hoe hard, die Here sê dat daar mense is wat selfs in hulle gebede teenoor die Here

oneerlik is, terwyl die Here op daardie oomblik in hulle harte lees wat hulle dink en doen.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende twee sake:

- 1. Ons ondersoek die Fariseërs se doen en late**
- 2. Vader-kind-verhouding in die gebed**

1. Ons ondersoek die Fariseërs se doen en late

Wat het die Fariseërs verkeerd gedoen wat die Here so ontstel het dat Hy hulle eintlik vir ons as voorbeeld voorhou? Hulle fout het in hulle daaglikse lewe ontstaan.

- Hulle het liefdeloos teenoor hulle medemense geword.
- Trouens, hulle het nie eers alle mense as hulle medemense erken nie – maar in die openbaar durf hulle dit nie gewys het nie.
- Met die gevolg dat hulle heeltemal in 'n skynheilige lewenswyse verval het.

Hierdie skynheiligheid het toe ook in hulle godsdiens uitgeslaan.

- Dit kan ook sekerlik nie anders nie, want jou lewe en jou godsdiens kan tog nie van mekaar af losgemaak word nie – dit vorm 'n onafskeidbare eenheid.
- Die kern van die saak is dus dit: As jou godsdiens verkeerd is, is jou lewe ook vals, en behaag dit nie die Here nie.
- Die Fariseërs se lewe is die bewys hiervan: Toe hulle lewe liefdeloos geword het, het hulle godsdiens 'n harde kontrak geword waarin hulle maar net vir God moes voorgee dat hulle reg doen.

Waar ontstaan so 'n geweldige geloofsfout?

- Broeders en susters, dit ontstaan as jy die genade van God verkeerd verstaan en verkeerd waardeer.
- Hierdie Fariseërs kon nie verstaan dat God uit genade met sy volk 'n verbond opgerig het, en dat Hy nou daarvoor net gehoorsaamheid en dankbaarheid verwag nie.
- Hulle het ook nie verstaan dat hierdie genade werklik soos 'n lig uit jou moet uitskyn nie.

Hulle het geglo dat in godsdienssake elke man vir homself is.

- Slaag jy daarin om reg te doen, gaan God jou vir jou godsdiens beloon met die ewige saligheid.
- Hulle geloofshouding was dus dat hulle betaling wou hê vir alles wat hulle gedoen het. Ook in hulle gebede.

Die punt is net dat hierdie gedeelte leer dat jy in die eerlikheid van jou gebed kan weet of jy die Here waarlik dien of nie. Want jou gebed is 'n spieël van jou intieme omgang met God.

Die Fariseërs het die gebed nie meer verstaan en beleef as intieme omgang met God nie.

- Dit was nie meer 'n verhouding van 'n skepsel wat voor sy Skepper staan, en eerlik moet smeek vir genade – en ook net so eerlik sy sondes moet bely nie.
- Dit wat ons uit die Nuwe Testament van hulle leer, gee die indruk dat die besef dat die Here buitendien weet wat in elke mens aangaan, by die Fariseërs ontbreek het.

Vir die Nuwe-Testamentiese Christen is die gebed selfs nog meer:

- Ons staan in die gebed in die verhouding van kind tot Vader.
- Nie vanself nie – deur die genade wat oor ons vloei as gevolg van die versoeningswerk van die Here Jesus Christus.
- Dit is dus 'n baie teer en innige verhouding wat in ons gebede na vore moet kom.

Vir die Fariseërs was die gebed soos 'n stuk werk wat agter die rug moes kom.

- Dit was nog 'n geleentheid om iets te verdien.
- Daarom was hulle siening dat hoe harder hulle werk, hoe meer betaling hulle kry.
- Dit het ontaard in berekende lang gebede – hoe langer die gebed, hoe meer die betaling.
- Sulke gebede is egter nie met dieselfde entoesiasme deur die Here ontvang nie, want Hy noem dit *'n ydele herhaling van woorde*.
 - Die Here gee duidelik sy afkeur te kenne oor gebede wat dieselfde dinge oor en oor herhaal.
 - Sulke gebede dra die merk van skynheiligheid omdat ware opregtheid daarin ontbreek.

Nog 'n fout wat die Fariseërs gemaak het, was dat hulle gedink het dat 'n gebed openbare indruk moet maak.

- Ons maak ook baie keer dieselfde fout: Ons is skaam om te bid omdat ons dink dat mense sal dink ons bid nie goed genoeg, mooi genoeg of lank genoeg nie.
- Terwyl dit glad nie is waaroor dit gaan nie!

As daar iewers 'n element van spogtery in iemand se gebed is, is daardie gebed nie vir die Here goed nie, omdat die gesindheid agter die gebed verkeerd is.

- Die Here kyk nie net na eindprodukte nie – Hy kyk veral na die plek waar die geloofswerke begin word, naamlik ons hart en ons gesindheid.
- Hy kyk na ons geloof en ons lewende verbintenis met Hom.

Die Here Jesus praat ook van die heidene.

- Sy bedoeling is om te demonstreer waarom die soort/styl van gebede, soos wat die Fariseërs gebid het, vir die Here verkeerd is.
- Die heidene het geglo dat hulle hulle afgode moes omkoop met lang gebede wat vol herhaling is en allerhande praatjies bevat het.

Daar was dus 'n wesenlike ooreenkoms tussen die Fariseërs se gebede en die gebede van die heidene! Lang gebede wat vol herhalings is, is dus uiteraard heidens!

Die Here Jesus lewer nie hierdie preek omdat Hy daarmee beweer dat ons so bid nie.

- Hy preek hierdie preek om ons te leer dat ons nie sulke gebede moet bid nie.
- Hy wil hê dat ons reg moet optree, en daarom wys Hy duidelik wat verkeerd is sodat ons dit kan vermy.

Kom ons som die moenies op:

- Gebede moenie spog nie.
- Gebede moet nie selfsugtig wees nie.
- Gebede moenie ydellik herhaal nie.
 - Ons herhaal soms wel dinge uit smart, maar nie om die Here daarmee te beïndruk nie.

Openbare gebede moenie daarop gerig wees om mense te beïndruk nie. 'n Eerlike gebed word op die eer van God gerig.

2. Vader-kind-verhouding in die gebed

Die positiewe van die gebed is dit: God is nie ver weg en op 'n afstand nie.

- In sy alomteenwoordigheid is die Here altyd by ons, en deur die versoening van Jesus Christus het

ons altyd toegang na Hom toe deur die gebed.

- Ons kan dus direk en vryelik met God kommunikeer, natuurlik met die voorbehoud dat ons Hom ook in ons gebede met die nodige respek sal aanspreek.

Selfs in gebede moet die Name van God met huiwering en groot eerbied gebruik word.

- Ons kan en mag nie die Here as ons gelyke aanspreek nie.
- Daar is nie 'n afstand tussen ons en die Here in die sin dat Hy ver is nie, maar daar is wel 'n groot afstand tussen ons en die Here in die sin dat Hy ewig en almagtig die Skepper is en ons is skepsele – daarby nog sondebevlek ook.

Hierdie afstand tussen skepsel en Skepper moet duidelik in ons gebede na vore kom – soveel te meer omdat ons dan direk en met God self praat.

- Die afstand beteken egter nie onbereikbaarheid of ontoeganklikheid nie.
- Ons mag weet dat Hy self ons verander het van kinders van die Satan tot kinders wat mag bid: “Ons Vader wat in die hemele is!”

Ons begin dus ons bede met die vaste wete dat ons burgerskap by ons Vader in die hemele is. Ons begin dus ons gebed met geloof en 'n vaste vertrouwe dat dit verhoor word.

Ons gebede staan heeltemal in die teken van God se genade.

- Ons mag juis bid, en ons moet ook juis bid, omdat die Here ons liefhet en vir ons omgee.
- Die liefde van God vir ons kom juis uit in die kruisversoening van sy Seun.
- Hy het sy Seun gestuur om vir ons sondes te gaan sterf. Hy laat sy Seun 'n vloekdood sterf sodat sy toorn ons nie vernietig nie.

Langs die gebed beteken die versoening wat die Here Jesus bewerk dat die Vader ons deur Jesus Christus uit liefde verhoor wanneer ons bid.

- Ook die sondes waarvoor ons bid vir vergifnis en bekering.
- Deur die Here Jesus Christus vergewe Hy ons ons sondes wanneer ons met berou vir vergewing pleit.

Ons gebruik die Name van die Here om Hom in ons gebede aan te spreek.

- Die gebruik van die Name van die Here moet die intiemheid asook die gemeenskap tussen ons en God na vore bring.
- Hy wil hê ons moet met al ons sake na Hom toe gaan.
- Hy weet buitendien wat ons nodig het, maar nogtans wil Hy hê dat ons daarvoor moet bid.

God se genade is so groot dat dit te veel is vir ons bevattingsvermoë.

- Dink maar aan al die sondes wat ons doen, maar nogtans kan ons voor God gaan staan en ons sondes bely, en weet dat Hy met bewoënheid en teerheid luister na elke woord wat ons bid.
- Ons mag bid en weet dat die Here met kommer oor ons waak, en dat Hy graag ons gebede met verhoring opvolg.

Die gebed het ook 'n krag wat dit uitoefen in ons daaglikse lewe. Dit gebeur op twee vlakke:

- Eerstens beoefen ons gemeenskap met al God se ander kinders.
 - Maar dan moet ek onthou hoe groot God se genade oor my en al my sondes is, en dan moet ek hierdie genade deel met elke ander kind van God wat opreg saam bid tot “Ons Vader wat in die hemele is”.
 - Dan moet daar nie 'n gespletenheid wees tussen wat ek bid en hoe ek lewe nie – my gebedshouding en my lewenshouding moet eners wees.

Die tweede is dat ons met die Drie-enige God gemeenskap het deur die Heilige Gees.

- Daar is werklik kommunikasie tussen u en die almagtige en onmeetbare God deur sy Gees wat in die gebed u gees oorskadu en u verstand lei om te bid.
- Die Heilige Gees gee ons ook gebedsvertroue.
- Hy gee ons ook die moed om te kan wag totdat die Here sy vervulling op ons gebede gee wanneer Hy wil, en soos wat Hy weet dit reg sal wees.

Om eerlik te kan bid, gee 'n volheid aan ons geloof. Om te kan en mag bid, plaas ons in 'n verhouding van ware lewe en sprankelende gemeenskap met God.

Kom ons lees Kategismus Sondag 46 saam.

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 103:1 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 23 Desember 2007 (aand)